



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2020

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
AFDELING A: Opstel (50 punte)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50 punte)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloediagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:
AFDELING A: ongeveer 80 minute
AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 Dit was 'n fees! [50]

1.2 13 uur ... [50]

1.3 **Sal jy my ooit kan vergewe?** [50]

1.4 *Suid-Afrika het nog ware superhelde.* [50]

1.5


*... **sonder jou liefde is die graaf te swaar vir my en val die geil reëns van die berge sonder doel.***

D.J. Opperman

 [50]

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.

1.6.1



[Bron: <https://myklaskamer.com>]

[50]

1.6.2

**[50]**[Bron: <https://blog.uav4africa.co.za>]

1.6.3

**[50]**[Bron: www.art-portraits]**TOTAAL AFDELING A: 50**

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180–200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het onlangs iets gedoen wat jou ouers nie sou goedkeur nie. Jy voel baie skaam daarvoor en wil hulle om verskoning vra.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan jou ouers en vertel hulle wat jy gedoen het. Gee redes waarom jy dit gedoen het en vra dan om verskoning.

[25]**2.2 FORMELE BRIEF: KLAGTEBRIEF**

Julle graadgroep het verlede jaar besluit om matriekbaadjies te laat maak. Aan die begin van hierdie jaar het die maatskappy wat die baadjies gemaak het, dit laat aflewer, maar die baadjies was van swak gehalte en die kleure was verkeerd.

Skryf 'n KLAGTEBRIEF aan die bestuurder van die maatskappy waarin jy duidelik uiteensit wat presies verkeerd is met die baadjies en watter optrede jy van die maatskappy verwag. Gebruik die volgende adres: Die Bestuurder, Action Clothing, Posbus 2630, Kaapstad, 8000.

[25]**2.3 INFORMELE VERSLAG**

Die nuwe graad agts by julle skool gaan elke jaar op 'n kamp waar hulle aan verskillende aktiwiteite deelneem en inligting kry oor hoe die skool funksioneer.

Jy dien op die graad 8-komitee en het daarom ook die kamp bygewoon. Skryf 'n INFORMELE VERSLAG vir die graadhoof van die graad agts oor die kamp.

[25]**2.4 HULDEBLYK**

Jy is deel van 'n baie suksesvolle sportspan en ook die kaptein. Die afrigter van die span het onlangs besluit om te emigreer.

Skryf 'n HULDEBLYK oor jou afrigter wat jy tydens 'n spesiale geleentheid gaan lewer.

[25]

2.5 DIALOOG

Jy stap elke middag huis toe en sien gereeld 'n man wat by die verkeerslig bedel. Jy besluit op 'n dag dat jy graag meer van hierdie man se omstandighede wil uitvind en hom wil motiveer om sy lewe te verander.

Skryf die DIALOOG wat tussen jou en die man plaasvind.

[25]**2.6 TYDSKRIFARTIKEL**

Daar is geen groter armoede as eensaamheid nie, het moeder Teresa gesê.

Skryf 'n TYDSKRIFARTIKEL met die volgende opskrif: Eensaamheid – die epidemie van ons tyd.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100